

Maandag 29 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 121 (1953-
vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 121

Die Here bly by ons

Berge, of selfs koppies, roep onwillekeurig die gedagte aan Psalm 121 op: *“Ek slaan my oë op na die berge ... My hulp is van die HERE.”*

Met dik pennestreepe beklemtoon die Psalmdigter telkens nadruklik, keer op keer, in hierdie Psalm hoe die HERE ons beskerm. Hy is die Skepper van hemel en aarde; Hy is almagtig. Hy is die enigste ware God. As Skepper kán die HERE jou help; as Verbonds-god, as getroue Vader in Christus, wíl Hy help.

In teenstelling met ons as mense sluimer of slaap ons Bewaarder, die HERE, nie – Hy is altyd waaksaam. Sy liefde en hulp is só omvangryk, só omvattend dat Hy sy enigste Seun sou stuur juis omdat alle hulp van Hom af kom.

Hy bly by ons. Hy is altyd by ons, bedags of snags, ook wanneer ons nie daarvan bewus is nie. Hy is altyd met ons, daarom heet Jesus Christus ook *Immanuel*, “God met ons”. En daarom het Christus sy Gees, sy Trooster, aan sy kerk gegee, aan elke gelowige, om te troos ... In Christus het die troos van Psalm 121 ook ons troos geword.

Sien jy dit raak? Besef jy dit? Psalm 121 trek die lyn daar van die eensame reisiger tot by Christus, en nog verder, tot by ons ewige bestemming. Ons lees in Openbaring 7:16 en 17 hoe spesifiek hierdie belofte van Psalm 121 in vervulling gaan: Die Lam, Christus, sal die kinders van God lei na die *“lewende waterfontein”*; hulle sal *“nie meer honger en nie meer dors hê nie”*. Só is dit reeds hier in Psalm 121 beloof en in Christus vervul. Van nou af ... tot in ewigheid.

Sing: Psalm 121-1:1-4

*Dr. VE (Victor) d’Assonville (Marble Hall / Reformatorisch-Theologisches Seminar,
Duitsland)*